

## Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA GRAAN SA	DATUM 2019/05/20		DATUM 2019/05/17		+ - WEEK GELEDE 2019/05/06		+ - MAAND GELEDE 2019/04/15		+ - JAAR GELEDE 2018/05/14	
	Data		Data		Data		Data		Data	
	Δ	Δ%	Δ	Δ%	Δ%	Δ%	Δ%	Δ%	Δ%	Δ%
Brent (\$/b)	72.33	-0.48	-0.5%	72.73	4.2%	69.42	1.1%	71.55	-7.5%	78.16
US\$: ? ZAR	14.41	0.100	0.7%	14.31	-0.4%	14.47	3.2%	13.96	16.6%	12.36
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 173.86	39	1.8%	R 2 135.11	*CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Jul + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 462.07	7	0.3%	R 2 455.50	*CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Jul + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 350.18	-64	-1.5%	R 4 414.64	*CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Jul + -12 : 00 the previous day					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Mielies May '19	383.20	4.20	1.1%	379.00	6%	363.00	6%	361.00	-10%	428.00
Koring May '19	465.00	-2.00	-0.4%	467.00	9%	428.00	0%	464.40	-17%	559.00
Sojabone May '19	821.60	-18.00	-2.1%	839.60	-1%	829.40	-8%	895.20	-19%	1011.60
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))										
SORGHUM	3300.00	0	0.0%	3300.00	-7.5%	3568.00	-7.5%	3568.00	6.3%	3103.00
WMAZ Spot	2682.00	94	3.6%	2588.00	2.2%	2625.00	1.9%	2631.00	31.1%	2046.00
WMAZ Jul '19	2731.00	99	3.8%	2632.00	1.6%	2687.00	0.3%	2722.00	18.1%	2312.00
YMAZ Spot	2618.00	74	2.9%	2544.00	2.3%	2560.00	2.7%	2548.00	2.1%	2147.00
YMAZ Jul '19	2659.00	84	3.3%	2575.00	2.7%	2590.00	2.6%	2592.00	13.6%	2340.00
SOY Spot	4701.00	52	1.1%	4649.00	0.7%	4670.00	-0.6%	4730.00	5.4%	4461.00
SOY Jul '19	4770.00	50	1.1%	4720.00	0.2%	4759.00	0.0%	4771.00	5.2%	4534.00
SUN Spot	5009.00	99	2.0%	4910.00	0.6%	4980.00	1.4%	4940.00	9.8%	4562.00
SUN Jul '19	5091.00	116	2.3%	4975.00	0.4%	5070.00	1.9%	4996.00	9.4%	4655.00
WHEAT Spot	4428.00	-22	-0.5%	4450.00	-4.9%	4654.00	-2.5%	4543.00	13.9%	3887.00
WHEAT Jul '19	4429.00	-42	-0.9%	4471.00	-5.8%	4701.00	-3.5%	4588.00	12.6%	3935.00
OLIESADE (US\$/ton)	2019/05/17	Bron: Oilworld			2019/05/10	2019/03/22	2018/04/30			
Soya-oil, Arg.	655				4.8%	625	-4%	685	-3%	676
Soya-pell, Arg.	312				5.1%	297	-4%	326	-15%	368
Soybean, USA	347				4.2%	333	-8%	379	-15%	410
USA Runner 40/50	1325				3.9%	1275	2%	1300	2%	1300
Sun-oil, Arg.	675				2.3%	660	2%	665	-16%	800
Sun-oil, Black Sea	690				3.0%	670	2%	675	-8%	750
Sunseed, Black Sea	375				0.0%	375	1%	370	-8%	409
Rapeseed, EU cif	412				0.5%	410	-1%	417	3%	399
Palmk oil Mal, EU	600				2.6%	585	-17%	720	-42%	1037

### JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboon termynmark het gedaal tot 'n 10 jaar laagtepunt gedurende verlede week voordat dit weer ondersteuning gevind het en sterker begin verhandel het. Die Amerikaanse sojaboonmark is onder druk as gevolg van die groot hoeveelhede sojabone wat in die USA beskikbaar is nadat die handel tussen die USA en China hierdie jaar teen 'n baie stadige tempo plaasgevind het. Die verwagting in die mark is dat die Amerikaanse sojaboon eindvoorraad aan die einde van Augustus moontlik 28.5 miljoen ton kan wees wat 'n rekord hoogtepunt sal wees. Die mark het wel einde verlede week weer ondersteuning gevind as gevolg van die vertraging in die aanplantings wat tans uitspeel. Oornat toestande in groot gedeeltes van die Amerikaanse produksiegebiede veroorsaak dat die aanplantings vir die seisoen nie optimaal kan plaasvind nie en dit bied tans ondersteuning aan die markte. In ander internasionale nuus word gerapporteer dat China steeds 'n groot aankoper van Suid Amerikaanse sojabone is. Die meeste van die invoere vind vanaf Brasilië af plaas, maar daar is ook sojabone wat vanaf Argentinië af ingevoer word. Albei hierdie Suid Amerikaanse lande het hierdie seisoen goeie sojaboon oeste gehad en hulle pryse is relatief laag. Alhoewel daar in die internasionale konteks baie groot sojaboon voorrade beskikbaar is, sal die grootste fokus in die volgende paar weke op die Amerikaanse aanplantings wees. Die tempo waarteen die aanplantings plaasvind sal 'n groot bepalende faktor wees in die internasionale prystendense. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

**Sonneblomsaad:** Die verwagting is dat die globale verwerking van sonneblomsaad gedurende April tot September 2019 sal aanhou toeneem en dat dit die vorige seisoen asook die vorige rekord verwerking gedurende hierdie tydperk sal oorskry. Die groot hoeveelheid sonneblomsaad wat internasionaal beskikbaar is tesame met die groot invoervraag na sonneblom olie dra by tot die verwerking van sonneblomsaad in veral die Swartsee lande. Die grootste verwerking behoort in die Oekraïne en Rusland plaas te vind hierdie seisoen. In Argentinië was die verwerking van sonneblomsaad laer wat die verwagting was ten spyte van die goeie sonneblomsaad produksie vir die seisoen. Die verwerking van sonneblomsaad in Argentinië behoort egter beter te vaar in die res van die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

**Kanola:** In Kanada is die verwagting dat die kanola eindvoorraad vir die seisoen 'n nuwe rekord vlak van ten minste 4.2 miljoen ton sal bereik wat 1.7 miljoen ton meer is as verlede seisoen se eindvoorraad. Die skerp toename in die Kanadese voorraad is as gevolg van die beperkinge op handel tussen China en Kanada en dus was die Kanadese uitvoere vir die seisoen baie laer gewees. In die EU lyk die produksie vooruitsigte vir die seisoen nie te goed nie en die verwagting is dat die produksie daar laer behoort te wees vir die seisoen. **Plaaslik:** Die kanola aanplantings in die Weskaap is reeds goed aan die gang en in sommige gedeeltes reeds voltooi.

**Grondboon:** Die grondboon aanplantings in die USA vorder redelik goed en is meer in lyn met die vorige seisoen se aanplantings as meeste van die ander gewasse. Die grondboon aanplantings word op 40% voltooi gerapporteer teenoor die vorige seisoen se 42% voltooi teen dieselfde tyd van die seisoen. Die 5 jaar gemiddelde tempo van grondboon aanplantings is 36% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. **Plaaslik:** In die plaaslike mark bly dit steeds 'n moeilike grondboon produksie jaar met veral die aanplantings wat hierdie seisoen nie optimaal kon plaasvind nie as gevolg van droogtes in die produksie gebiede.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za